KONSEP

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

TAK MARIENE EN KUSBESTUUR

BELEID VIR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE IN DIE WITMOSSEL VISSERY: 2005

HIERDIE BELEID MOET SAAM GELEES WORD MET DIE KONSEP VAN DIE ALGEMENE BELEID VIR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE: 2005 (beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za)

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding 3

2. Biologie en brondinamika 4

3. Sektorale profiel 4

4. Die proses van medium-termyn regtetoekenning 5

5. Oorkoepelende sektorale doelwitte 5

6. Tydsduur 6

7. Nuwe inkomelinge 6

8. Evalueringskriteria 6

8.1 Uitsluitingskriteria 6

(a) Vorm van die aansoeker 7

(b) Aansoeke van families 7

(c) Voldoening 7

(d) Papierkwota's 7

(e) Nie-gebruik 7

(f) Afhanklikheid van die bron 7

8.2 Balanseringskriteria 8

(a) Transformasie 8

(b) Belegging in die vissery 8

(c) Oesprestasie 8

(d) Afhanklikheid van witmossels 8

(e) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling 9

(f) Werksgeleenthede 9

(g) Nie-betaling van heffings 9

(h) Voldoening 9

9. Aansoekgelde 10

10. Voorlopige lyste 10

11. Permitvoorwaardes 10

1. Inleiding

Hierdie dokument is 'n konsepbeleid vir openbare kommentaar oor die toekenning en bestuur van kommersiele visvangregte in die witmossel vissery, soos uitgereik deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene en Kusbestuur ("*die Departement")* Die konsepbeleid moet saam gelees word met die Konsep van die Algemene Beleid vir die Toekenning en Bestuur van Langtermyn Kommersiële Visvangregte: 2005 (*die Algemene Beleid").*

Belanghebbende en affekteerde partye mag skriftelik kommentaar lewer by die Departement teen 11 April 2005. Kommentaar moet as volg ingedien word:

Per Faks:	**Per Pos:**	**Per E-pos:**
Faks Nommer: (021) 670-1782 Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	Aandag: Mr Horst Kleinschmidt Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Posbus 44963 Claremont 7735 Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	RVU@deloitte.co.za Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar **Per Hand** Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Regte Verifieeringseenheid Landsdown Road 11 Claremont Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar

Die doel van hierdie beleid is om die oorwegings van toepassing op die toekenning van kommersiële visvangregte vir witmossels uiteen te sit. Min van hierdie oorwegings is nuut. Meeste van hulle is in die verlede deur die Departement gebruik by die toekenning van regte. Hierdie beleid verteenwoordig tewens 'n dokumentasie van sodanige oorwegings.

Sekere voorgenome bestuursbeleidsrigtings verskyn ook in hierdie konsepbeleid. 'n Bestuurshandleiding vir die witmossel vissery sal in die loop van 2006 gefinaliseer word. Hierdie handboek sal in die fynste besonderhede die toepaslike bestuursmetodes en -prosedures van die bedryf uitstippel.

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme is voornemens om artikel 18-magte, om kommersiële visvangregte vir die witmossel vissery toe te ken, ingevolge artikel 79 van die Wet

of Lewende Mariene Hulpbronne 18 van 1998 ("*die WLMH*") aan 'n senior beampte van die Departement te delegeer.

.

2. Biologie en brondinamika

Witmossels *(Donax serra)* kom voor vanaf noordelike Namibië tot by die Wildekus. Hulle is in groot getalle op die sanderige strande van die wes- en suidkus van Suid-Afrika teenwoordig. Die sonale verspreiding van die mossels wissel met die veranderings van getye. Aan die weskus word die jonger witmossels hoog teen die strand gevind, terwyl die volwassenes versprei lê by en onder die gemiddelde lae springgetymerk. Aan die oos- en suidkus word volwassenes in die midgetysone gevind.

Witmossels is oorheersend grawers op sanderige strande en gee voorkeur aan gematigde kusgebiede. Hulle is tweekleppige weekdiere wat deur filtrering voedsel inneem en groei tot 'n doplengte van 60 millimeter in ongeveer vyf jaar. Die mossels migreer langs die strande op en af in reaksie op gety-siklusse, met jonges wat meer migreer as die volwassenes.

Kommersiële ontginning word tot die weskus beperk waar witmossels in groot hoeveelhede voorkom, vanweë die voedselryke Benguela-stroom.

3. Sektorale profiel

Die kommersiële oes van witmossels word beperk tot sewe gebiede langs die weskus. Hierdie vissery het in die laat 1960s 'n aanvang geneem, maar in 1966 is dit negatief beïnvloed deur 'n rooigety wat buitensporige groot afsterftes onder die witmossels veroorsaak het. Herstel van die bevolkingstal het langer as 10 jaar geduur en het 'n dramatiese vermindering in die vangs per eenheid poging (VPEP) tot gevolg gehad. Die totale aantal witmossels wat jaarliks geoes word, het sedert die 1980's geleidelik afgeneem. Dit was hoofsaaklik as gevolg van die bedryf se gebrek aan ekonomiese lewensvatbaarheid. Studies gedoen in 1988 en 1989 dui daarop dat die jaarlikse getal witmossels wat uitgehaal word, minder as een persent van die standhoudende biomassa in die betrokke gebiede beloop het. Voorlopige uitslae van studies onderneem in 2003 en 2004, ondersteun hierdie bevindings. Die bron word dus geag as onder-ontgin.

Tans word kommersiële regtehouers toegelaat om 2 000 witmossels per maand intesamel. Witmossels word as aas en nie vir menslike verbruik nie, geoes. Daar moet ondersoek ingestel word na 'n mark vir menslike verbruik.

Die witmossel vissery word beheer deur middel van vangs en vangspoging. 'n Totale Ontplooide Vangspoging (TOV) van sewe regtehouers met uithaalperke van 2 000 per maand en 'n minimum wettige grootte van 35 millimeter word afgedwing. Die regtehouers is of eienaars van kleinhandel afsetplekke, of verkoop hulle voorraad aan kleinhandel afsetplekke waar witmossels 'n prys van tussen R1.00 en R1.50 per eenheid behaal.

4. Die proses van medium-termyn regtetoekenning

Tans is daar sewe kommersiële regtehouers in sewe gebiede langs die weskus geleë. Elke regtehouer word toegelaat om 2 000 mossels per maand te oes. Elke regtehouer het tussen ses en agt insamelaars in diens wat tussen R0.15 en R0.80 per mossel betaal word ,afhangende van die aantal mossels ingesamel..

5. Oorkoepelende sektorale doelwitte

Die oorkoepelende doelwitte vir die toekenning van kommersiële visvangregte in die witmossel vissery is om:

- Die transformasieprofiel van die vissery aansienlik te verhoog;
- Witmosselregte toe te ken aan daardie individue wat op die oes van witmossels staatmaak vir hulle bestaan;
- Die ontwikkeling van 'n mark vir die menslike verbruik van witmossels aan te moedig;
- Te verseker dat regte toegeken word in al die gebiede waar witmossels geoes kan word;
- Die ekonomiese lewensvatbaarheid van die bedryf te ondersteun; en
- Die omgewingsvolhoubaarheid van die bedryf te verseker.

6. Duur van regte

Kommersiële visvangregte vir witmossels sal toegeken word vir ‘n tydperk wat nie twee jaar oorskry nie. Langtermyn regte sal slegs oorweeg word wanneer daar voldoende inligting oor die status van die bron beskikbaar is en wanneer daar groter duidelikheid is oor die bemarkbaarheid van witmossels vir menslike verbruik.

7. Nuwe inkomelinge

Die bron word binne ‘n aantal gebiede nie optimaal ontgin nie. Die Departement benodig dat hierdie gebiede ontgin word sodat waardevolle inligting oor witmossels in daardie gebiede ingewin kan word. Verder is hierdie vissery nie getransformeer nie.

Gevolglik sal die Departement probeer om regte aan nuwe inkomelinge toe te ken in gebiede waar ‘n TOV bepaal vasgestel was, maar geen kommersiële witmosselregte in die medium-termyn regtetoekennings toegeken was nie. Verder sal die Departement regte toeken aan nuwe inkomelinge wat die transformasieprofiel van die bedryf sal verbeter.

8. Evalueringskriteria

Alle aansoeke sal ingevolge ‘n stel *“uitsluitingskriteria”* gesif word en daarna gelaai word in terme van ‘n stel *“balanseringskriteria”.* ‘n Afsnypunt of rang sal dan vasgestel word om die suksesvolle aansoekers te selekteer.

8.1 Uitluitingskriteria

Buiten die kriteria beskryf in die Algemene Beleid oor die onbehoorlike indiening van aansoeke en wesenlike tekortkominge, sal die Departement aansoekers uitsluit, wat versuim om aan die volgende vereistes te voldoen:

(a) **Vorm van die aansoeker:** Slegs natuurlike persone (d w s individue) mag aansoek doen om regte in die witmossel vissery. Indien ‘n witmossel insamelaar wat in diens is van ‘n bestaande regtehouer, wil aansoek doen om ‘n witmossel-visvangreg moet hy/sy verseker dat hy/sy nie as insamelaar op die aansoek van sy/haar huidige werkgewer gelys is nie.

(b) **Aansoeke van families:** Oor die algemeen sal slegs een reg per familie toegeken word. Wanneer meer as een aansoek van familielede wat by dieselfde adres woon ontvang word, mag al die aansoeke uitgesluit word. Meer as een reg mag per familie toegeken word, wanneer aansoekers duidelik en oortuigend kan aantoon dat hulle aparte klein kommersiële ondernemings gestig het.

(c) **Voldoening:** Aansoekers wat skuldig bevind is aan ‘n ernstige oortreding van die WLMH (wat byvoorbeeld gelei het tot tronkstraf sonder die opsie om ‘n boete te betaal), sal gepenaliseer word. Aansoekers wie se visvangreg enigsins ingevolge die WLMH gekanselleer of ingetrek is, sal ook gepenaliseer word. Ander oortredings van die WLMH sal die aansoek negatief beïnvloed.

(d) **Papierkwota’s:** Papierkwota’s (soos uiteengesit in die Algemene Beleid) sal uitgesluit word. Groot groepe identiese, of substantieel soortgelyke aansoeke om visvangregte wat deur konsultante of kommersiële visvangmaatskappye en ander entiteite geborg word, sal uitgesluit word as fronte vir papierkwota’s, ongeag die meriete van die individuele aansoeke.

(e) **Nie-gebruik:** Regtehouers wat versuim het om hulle medium-termyn kommersiële witmosselreg tussen 2002 en 2004 te gebruik, sal uitgesluit word.

(f) **Afhanklikheid van die bron:** Bestaande Regtehouer aansoekers wat nie afhanklik is van die oes van witmossels vir minstens 75 persent van hulle jaarlikse bruto-inkomste nie, sal uitgesluit word. Aansoekers wat enige deel van hulle inkomste uit bronne buite die visvangbedryf verkry, sal uitgesluit word.

8.2 Balanseringskriteria

Alhoewel die volgende kriteria oor die algemeen op beide bestaande regtehouer aansoekers en nuwe inkomelinge van toepassing is, sal die gewig wat aan elke kategorie geheg word verskil.

(a) Transformasie

Ten einde die transformasieprofiel van die witmossel vissery te verbeter, sal aansoekers punte gegee word indien hulle swart is. Geslag mag gebruik word as 'n valbyl factor indien die tellings gelykop is, d w s wanneer meer as een aansoeker dieselfde telling het, sal 'n vroulike aansoeker bo 'n manlike aansoeker verkies word.

(b) Belegging in die vissery

Die Departement sal in aanmerking neem watter beleggings, indien enige, die aansoekers in die witmossel vissery gemaak het.

(c) Oesprestasie

Bestaande Regtehouer aansoekers sal geevalueer word met inagneming van hul prestasie in die witmossel vissery gedurende die medium-termyn tydperk (2002 tot 2004).

Nuwe aansoekers sal moet kan bewys dat hulle oor die vermoë, kennis en vaardighede beskik om witmossels te oes.

(d) Afhanklikheid van witmossels

Die Departement sal voorkeur gee aan aansoekers wat vir ten minste 75 persent van hulle jaarlikse bruto-inkomste afhanklik is van die oes van

witmossels. Aansoekers wat enige inkomste uit bronne buite die visvangbedryf verdien, sal (soos hierbo aangedui) uitgesluit word.

(e) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling

Die Departement sal voorkeur verleen aan aansoekers wat langs die gebiede woon, waar witmossels geoes word. Aansoekers sal moet aantoon dat hulle ten minste al vir vier jaar langs ‘n gebied woon waar witmossels ge-oes word..

(f) Werksgeleenthede

Insamelaars van witmossels wat in die diens is van ‘n bestaande regtehouer, mag om ‘n reg aansoek doen. Aansoekers wat van voorneme is om mense in diens te neem om witmossels te oes, sal voorkeur geniet indien hulle die volgende verskaf of van voorneme is om te verskaf:

- Voltydse werk vir insamelaars;
- Mediese- en pensioenvoordele;
- Enige ander voordele; en
- Veilige werksomstandighede.

(g) Visvangsheffings wat nie betaal is nie

Die Departement verwag van elke regtehouer om ‘n heffing te betaal, op die witmossels wat geoes word.

Waar heffings nie betaal is nie sal, sal bestaande regtehouer aansoekers se puntetelling gepenaliseer word. Indien regtehouer aansoekers egter nieteenstaande vir ‘n reg kwalifiseer, sal ‘n permit nie uitgereik word nie, tensy die totale bedrag van die heffings betaalbaar (plus rente) aan die Departement betaal is.

(h) Voldoening

Regtehouers wat ondersoek word ingevolge oortredings van die WLMH, hetsy krimineel of administratief, sal nie ‘n witmosselreg toegeken word nie alvorens die uitslag van die ondersoek bekend is nie.

Geringe oortredings van die WLMH, insluitende die regulasies , sal gepenaliseer word.

9. Aansoekgelde

Aansoekgelde vir hierdie vissery sal nie meer as R500 beloop nie. Die Departement is tans besig om die koste van die toekenningsproses vir hierdie vissery te bepaal en sal regtehouers en belanghebbende partye inlig, sodra ‘n bedrag vasgestel is.

10. Voorlopige lyste

Voordat die Departement finaal besluit aan wie regte toegeken sal word vir deelname aan die kommersiële witmosselbedryf, sal ‘n voorlopige lys van suksesvolle aansoekers uitgereik word. Hierdie voorlopige lys sal na elk van die oesgebiede gestuur word. Belanghebbende en geaffekteerde partye in hierdie gebiede, kan dan die Departement verwittig of enige persone wat histories witmossels op kommersiële grondslag geoes het, uit die voorlopige lys gelaat is.

11. Permitvoorwaardes

Permitvoorwaardes vir hierdie visvangbedryf sal jaarliks uitgereik word. Die permitvoorwaardes van toepassing op hierdie bedryf vir die 2005-seisoen word as **Bylae A** aangeheg. Hierdie voorwaardes kan jaarliks gewysig word. Regtehouers en belanghebbende partye word genooi om oor hierdie permitvoorwaardes kommentaar te lewer.